DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

6/2024

## LIEWE MENLO

Dit was vandeesweek bedrywig in die Insigkantoor. Mense het van oraloor gebel om te vra hoe die Parkies dit weereens reggekry het. "Wat reggekry het?" vra ek. "Om die A-bond-interhoër vir die twee en twintigste jaar in 'n ry te wen," sê die stem telkens aan die ander kant.

"Die geheim agter die Parkies se sukses is eenvoudig: Ons streef die hoogste na in alles wat ons aanpak. Wanneer 'n Parkie 'n doelwit in die visier het, is daar eenvoudig geen keer nie. Die eerste voorbereidings vir interhoër is reeds verlede jaar by die seekamp getref en toe die nuwe skooljaar aanbreek, was die Parkies gereed. Ofskoon die Menlo-bodem nie naby die see is nie het die atlete steeds op 'n golf van ondersteuning gery, want die Parkies op die pawiljoen is ook deel van die span. Elke sport het sy beserings en die pad na interhoër was nie altyd maklik nie, maar *cometh the hour and cometh the Parkie* en met dagbreek op 23 Februarie 2024 het elke Menloparker presies geweet wat om te doen."

"Dit was weliswaar op hierdie dag moeilik om sommige Parkies onder al die lae sonblok te herken, maar die geesdrif op die busse was ongetwyfeld Menlo! Ouers kon die aksie op Kanaal 216 volg en selfs van 'n afstand was dit duidelik dat die Parkies daar was om te wen: harte, medaljes en nuwe ondersteuners!"

Die stem luister aandagtig en na my relaas sê hulle soos een man: "Ja, maar wat maak Menlo anders?"


"Eenvoudig," sê ek. "Luister mooi."

"Op Menlo-bodem begin afrigting met inspirasie. Ons afrigters is fiks genoeg om die ekstra myl te stap en hulle doen dit sonder aarseling. Die onderwysers skuif ewe gemaklik uit hulle klasse na Pilditch. Vir 'n oomblik was daar verwarring omdat daar nie 'n witbord was nie, maar dan maak die onderwysers hulleself in hulle Pilditch-rolle tuis. Daar word aangemoedig, gemeet, tyd gehou en rondtes getel. Sonder moeite. Ons atlete se oë is op skrefies. Hulle kyk verby die harde werk wat in die seisoen plaasgevind het. In hulle geestesoog is hulle beste pogings duidelik sigbaar en in hulle harte is daar geen twyfel nie. Op die pawiljoen is dit warm, maar die Parkies smelt nie – hulle begeester! Daar word nie een skewe woord aan die mededingers gerig nie. Nee, Parkies fokus op hulle sterkpunte."

Skielik word dit tjoepstil. Wie het gewen? Menlo is trots. Dankbaar. Nederig. Geen oorwinning is vanselfsprekend nie, maar **twee en twintig** is werklik spesiaal.





# DAGBOEK

**1/3** Seunshokkie: Grey College (A-spanne, tuis)
Tennis: Menlo-MixIt-toernooi (Sun City) tot 4/3

**2/3** Seunshokkie: Grey College (B-spanne, tuis)
Netbal & Rugby: Proewe

**4/4** Redenaars: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)
**Beheerliggaamverkiesing (Ouditorium, 18:00)**

**6/4** Tennis: Gerrie Berner Dogterstoernooi tot 7/3
Parkieraad: Opleiding (Ouditorium, 19:00 – 20:00)

**7/3** Redenaars: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 16:00)

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.












# LEIERSKAP

## Wêreldklasleier inspireer op Menlo-bodem

Mnr. Marthinus Visser, hoof- uitvoerende beampte van Outsurance het vandeesweek met die Parkies oor leierskap, sukses en ondernemingsgees gesels. Soos wat dit enige goeie sakeman betaam, is daar eers oor syfers gesels waarna daar dieper oor die suksesresep agter die syfers gedelf is.

Daar is agtergrond oor Outsurance se ontstaan in Suid-Afrika gedeel en oor hulle ondernemings in Australië (Youi insurance, gestig in 2008) en Ierland (2024) uitgebrei. Hier volg 'n paar vinnige feite oor Outsurance:

- Die onderneming vier vanjaar sy 26ste bestaansjaar.
- Die eerste OUTbonus is in 2001 uitbetaal.
- Vele oud-Parkies het 'n hand in die bou en uitbreiding van die maatskappy gehad, onder andere mnr. Laurie Dippenaar.

Daarna is daar 'n paar praktiese wenke vir 'n suksesvolle loopbaan en menswees oor die algemeen met die Parkies gedeel:

- Kry die beste punte wat jy op skool en tersiêre vlak kan behaal.
- Soek vir oorvleueling tussen jou passie, talent en wat mense bereid is om daarvoor te betaal.
- Kry 10 000 uur se ervaring voordat jy 'n loopbaan begin.
- Neem risiko's voordat jy afhanklikes het.
- Lees wyd oor verskeie onderwerpe. Wees ingelig.
- Moenie negatiewe nuus en sg. "click bait" lees nie.
- Reis oorsee. Verbreed jou horisonne.
- Verstaan uitgestelde beloning en saamgestelde rente. Goeie dinge neem tyd! Einstein het gesê: "*Compound interest is the eighth wonder of the world. He who understands it, earns it … he who doesn't … pays it.*"
- Lewe binne jou vermoë.
- Geniet elke fase van jou lewe ten volle. Moet dit nie om wens nie.
- Sit elke dag sonblok aan en strek!
- Wees dankbaar.

Die Insig bedank die voorsitter van die Parkieraad se akademiese komitee, Lelize vd Walt, asook me. Alkema vir hulle moeite met hierdie spesiale inisiatief. Kyk gerus vir die volgende geleentheid uit: ALMAL IS WELKOM!







# MUSIEK

## Musikale Parkie blaas plek in simfonieorkes los

Die FAK Jeugsimfonieorkes beywer hom vir die bevordering van klassieke musiek onder die jeug binne die gemeenskap. Die orkes wat vanjaar sy tweede bestaansjaar vier, streef na uitnemendheid en dit is waarskynlik die rede waarom Christiaan Wilsenach, Parkie-klarinetspeler, sy oudisie op 'n drafstap geslaag het.

Die gesegde lui immers: "*It takes one to know one.*"

Welgedaan, Christiaan! Musiekliefhebbers kan gerus 'n draai by die orkes se optrede op 20 Maart maak waar Mozart se Eine Kleine Nachtmusik 'n nuwe klank kry en as Eine Kleine Nichtmusik opgevoer sal word.





# EGGO

## Vuurwarm nuus: Eggo-redaksielede bekend

Hartlik geluk aan die skrywers wat Menlo-nuusgebeure vanjaar in die Eggo onder die bekwame leiding van mnr. Hein Brits en me. Cathy Knoesen sal neerpen:

**Graad 12** Bianca Schmulian, Miné de Kock, Daniélle de Wet, Ilme Taljaard, Esri de Beer, Altus Malan, Amelie Melcher, Charlice Gous en Ronald Khunou.

**Graad 11** Megan West, Elzette Fouché (subredakteur), Nina Schomper, Isabeau van Helsdingen (redakteur), Natanya Steenkamp, Isabella van der Walt, Chantelle van Wyk, Lani Briel, Melike Spies, Elsjé Groenewald, Marli Smith en Mikayla Smit.

**Graad 10** Clara Serfontein, Rian Knoesen (subredakteur), Mia de Waal, Leandri Botha, Marco Visser en Luka Smit.

**Graad 9** Jeanne-Marie van Brummelen, Clarabelle Haasbroek, Gisele Geldenhuys, Liané de Wet, Simeon Versteeg, Tristané Schmulian, Karl Paul en Alexander Uhlig.



# GEES

## Bon Appétit, Menlo!

'n Kryger sal dit mos nie sonder die nodige wapenrusting op 'n oorlogsveld waag nie. Net so kan die Parkies nie na interhoër gestuur word sonder genoeg koolhidrate nie. Die jaarlikse pasta-aand het verlede Donderdag plaasgevind en te oordeel aan die atlete se puik prestasie was die piekniek à la Parys 'n wenresep!

LJ van Zyl wat sy buiging drie keer by die Olimpiese Spele gemaak het, het die Parkies geïnspireer om tydens interhoër te doen wat elke Parkie goed doen, terwyl strategieë gesellig om piekniekmandjies uitgewerk is.

Die skool bedank graag die ouers wat verseker het dat elke Menlo-atleet die nodige koskrag ontvang om die interhoërkroon vir die twee en twintigste jaar in 'n ry te verower. Dit is voorwaar 'n voorreg om 'n Parkie te wees.










# GEES

## Parkies victorious!

Interhoër is 'n skouspel. Iets iewers tussen 'n Olimpiese Spele in die kleine en die Kaapse Klopse. 'n Logistieke oefening waarvan die beplanning maande duur. Agt skole. Sestien duisend mense. Was die interhoër 'n spioenasiefilm, sou die vlugteling maklik in die skare kon verdwyn. Hy sou egter sy immuniteit moes verdien deur sy stem by 'n koor van oorlogskrete te voeg.

Interhoër is in Februarie – 'n warm maand. Gepantser met sonblok en bottels gevriesde water maak die skare hulle reg om die UV-strale te trotseer. Die dag is lank...., maar die Parkies word eenvoudig nie moeg nie. Niemand kan dit verstaan nie. Die graswalle dreun. Ons atlete ry op 'n golf van wit en blou: "Ons kom uit die ooste..."

Interhoër behoort vanjaar aan Menlopark. Die manier waarop die Parkie-toeskouers verlede Vrydag agter die atletiekspan verenig het, was verstommend. Baie dankie aan elke toeskouer wat met oorgawe deelgeneem het asook aan die personeel wat diens gedoen het. Dit was 'n spanpoging sonder gelyke.




# ATLETIEK

## D4-kampioenskap wink vir 18 Parkies




Agtien Parkie-atlete sal eerskomende naweek hulle staal as lede van die D4-span by die Gauteng Hoërskolekampioenskap in Germiston wys. Die skool staan bankvas agter hierdie atlete en wens hulle alles van die beste toe.

Mnr. Rikus Botha sal diens as spanbestuurder doen. Hartlik geluk aan die atlete asook mnr. Botha!

Menlo se D4-span is:

Zuanique Butler, Megan Nieman, Zanta Lourens, Diané Dippenaar, Mia Botha, Melandi Bosman, Anneke Steynberg, Joshua Gerber, Zané Loots, Merlé Jv Rensburg, Ashlynn Nel, Debora Grobbelaar, Ewan Lourens, JM Maritz, Leon Stoltz, Alicia Khunou, Ronald Khunou en Johann Roelofse.

# ATLETIEK


















## Menlo-atlete doen dit weer

Na twee en twintig interhoëroorwinnings op die skool se geesstok is daar nou geen twyfel meer nie: Parkies kan!

Pilditch se blitsige tartanbaan het Vrydag die room van hoërskoleatletiek in Pretoria verwelkom en dit is op hierdie blou karousel waar die een puik prestasie na die ander aan 'n volgepakte stadion opgedis is. Die oorgawe waarmee Menlo deelgeneem het – op die baan, veld én pawiljoen – het deurgaans aandag getrek. Voorts was dit nie net die Parkies se superieure atletiese vermoëns en die toeskouers se uithouvermoë op die pawiljoen wat beïndruk het nie, maar die gesindheid en grasie waarmee die Parkies hulle oorwinning gevier het wat menige hart verower het.

Wanneer daar oor ons atlete se sukses gereflekteer word, is daar net een resep vir prestasie en dit is volgehoue harde werk. Baie dankie aan elke atleet, afrigter en ouer wat die ekstra myl in die 2024-seisoen afgelê het.

Julle toewyding inspireer.

Baie dankie aan al die Menlo-fotograwe wat die dag se aksie op kamera vasgevang het asook Frans Lombard van Actionpix. Foto's van Actionpix is op die volgende skakel beskikbaar.

Die uitslae is soos volg:

### Eerste plekke

Janelle Kirkpatrick, Isabella van der Merwe, Daniélla Fourie, Amelie Bodenstein, Shiloh Snijders, Liné de Villiers, Rachel Schwulst, Kathleen van Rooyen, Merlé Jv Rensburg, Katelynn Blokpoel, Chirsté Loedolff, Colene Scheepers, Alicia Khunou, Kaiden Beukes, Jaco van Dyk, Llewellyn van Heerden, Taelyn Smith, JM Maritz; Nicolas Nieman, Aidan Erasmus, Werner Bezuidenhout, Johann Roelofse, Rolandt Grosskopf, Niël Swanepoel en Aflos (o. 15-dogters).

### Spankompetisie

1. Die HS Menlopark
2. Waterkloof
3. Zwartkop
4. Midstream College
5. Montana
6. Garsfontein
7. Oos-Moot

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Seuns:** | 1. AHS | 2. Menlo | 3. Zwartkop |
| **Dogters:** | 1. Menlo | 2. AHMP | 3. Waterkloof |

### Menlo verower die volgende trofeë:

Senior victrix ludorum (dogters): Alicia Khunou
Senior victor ludorum (seuns): Aidan Erasmus
Beste Naelloopspan (dogters), Beste Worpespan (dogters), Beste Aflosspan (seuns), Beste Seunspan (%).

#menlomannekrag

# MUURBAL

## Só rol die MMA



Moenie dink dat 'n rondomtalie enige lighoofdigheid by die Parkie-muurbalspelers veroorsaak nie. Die Parkies het trouens verbetering in elke rondte getoon en uitstekend by die NJSA Ope gevaar.

Hartlik geluk aan die volgende Parkies met uitstekende uitslae:

| | |
|---|---|
| Melissa de Wet (o.19A) | Tweede |
| Leila Retief (o. 16B) | Tweede |
| Joseph Myers (o. 16A) | Vierde |
| Riaan Agenbacht (o. 16A) | Agtste |
| Dewald de Graaf (o. 16B) | Derde |
| Conrad Ehlers (o. 16B) | Sewende |
| Ruan Hendriks (o. 19A) | Sewende |
| Sebastiaan Swart (o. 19B) | Sewende |

# SKAAK







## Menlo-spelers skaak kampioenskap met goeie spel

Kelly de Almeida is 'n Parkie wat haar skuif ken. Hierdie talentvolle speler het die opponente by die 2024 Interstreek Geslote Skaakkampioenskap met uitstekende spel onder die mat ingevee om sodoende met Tshwane-kleure beloon te word. Knap gedaan!

Die skool is ewe trots op Brandon Fourie en Michal Oosthuizen (Klas van 2023) wat dieselfde prestasie behaal het.

# FIETSRY

## Wat maak 'n kamp so lekker?

Dis oefen, speel en kuier! Dis fietsry wat die speke so laat sing! Menlo se jaers het die jaar met 'n oefenkamp in tandem met 'n spanbou afgeskop. Tussen al die speke en stof was daar darem genoeg tyd om mekaar om die kampvuur te leer ken en verborge talente op die *volleyball*-baan te ontdek. Die Insig bedank graag die fietsryers, onderwysers, afrigters, me. Labuschagne en mnr. Loubser vir hulle aandeel aan die kamp se sukses. Dit is nooit te laat om by Menlo se fietsryfamilie in te skakel nie – kom gesels gerus met me. Simone Labuschagne in H9.









## Waterwyse Parkies wys hul slag



Sommige Parkies verkies tartan, ander verkies sintetiese gras en party verkies sement, maar Dieter Pienaar, Lino Fouche en Láne Fouche vaar die beste in water.

Hierdie drie fikse Parkies het onlangs uitstekende welslae in hulle onderskeie watersportsoorte behaal.

Dieter Pienaar en Lino Fouche is vir Gauteng-Noord se onderwaterhokkiespan gekies, terwyl Lino en sus Láne hulle vaardighede as waterwyse lewensredders in Noordwes se span by die nasionale junior kampioenskap in Durban ten toon sal stel. Welgedaan!












DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# MENLO-INLIGTING

## 1 MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 – 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

## 2 MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

## 3 SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

## 4 BEMARKINGSKANTOOR



## 5 EKSTRA KLASSE

**Wiskunde:** Raadpleeg die skool se webblad vir die rooster.

**Fisiese Wetenskappe:**
Graad 11 & 12
Vraag-en-antwoordsessie by die onderskeie vakonderwysers.
Maandae: 14:05 en 15:00.

**Graad 10**
15/2 in H11 • 22/2 in H9
29/2 in A106 • 7/3 in H10
14/3 in H11

## 6 TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

## 7 ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- **Menlo is kontantloos!**

# MARKPLEIN

















Volg gerus die skakel na TAU.




## Twee Slaapkamer Woonstel Te Huur in Menlopark

**GEEN LOADSHEDDING (SOLAR)**

Stap afstand van Laerskool en Hoërskool Menlopark. 3km vanaf Tukkies en Brooklyn Mall. 78m², 2 slpk, woonkamer, aparte kombuis, patios en tuin. Eie ingang. Veilige parkering in skadu vir 2 motors. Pas opgradeer. Kombuis oorgedoen. Nuwe stort in badkamer. Kaggel in ruim leefarea. **R9500 p/m**

**Kontak Wynand: 082 371 8292**



KLARA'S CRUMBLES



TUISGEBAK

0 6 6 2 2 2 4 4 4 6

ONDERSTEUN 'N PARKIE



| | |
|---|---|
| Sjokolade Kolwyntjies met sjokolade versiersel | x6 R100<br>x12 R180 |
| Sjokolade Splinterkoekies (choc chip) | x6 R50<br>x12 R100 |
| Bruintjies (Brownies) | x12 R85 |
| Bruintjies (Brownies) – glutenvry | x12 R100 |
| Piesangbrood | R55 |

*Tuisgebak met regte botter en kwaliteit bestanddele*

**Plaas bestellings minstens 2 dae voor die tyd**

**Klara 066 222 4446**

